# DIE HERE JESUS GEE ONS DUBBELE VISIE

Markus 10:46-52

SIG IS 'N GROOT GESKENK

Toe ek aan hierdie preek gewerk het, het ek gedink oor verlede Sondag se versoek dat julle moet laat weet waarvoor julle die Here spesiaal op hierdie Lofoffersondag wil dankie sê. Ek het gewonder of daar iemand sou wees wat sou sê: *"Baie dankie dat ek kan sien!"*

Dalk aanvaar ons dit as **vanselfsprekend** en dink ons skaars daaraan dat ons dalk NIE kon gesien het nie. Watter verskil sou DIT nie gemaak het nie! In die **Bergenbaai** is daar 'n paar foto's van kinders wat geblinddoek is. Dit was op Bybelsondag toe ons 'n muntlegging gehou het vir "Bybels vir Blindes". Julle onthou mos nog? Dit is gedoen om julle ietwat van 'n idee te gee van hoedat dit moet wees om nie te kan sien nie.

My dogter was onlangs in 'n **restaurant in London** wat jou 'n soortgelyke ervaring, net op 'n ander manier gee. Die *kelners* wat jou bedien, is ook almal blind. Die hele restaurant is pikdonker. Jy kan NIKS sien nie…. Jy kan byvoorbeeld nie sien wanneer die ander persoon aan tafel haar mond begin oopmaak om *te praat* nie, so op sekere tye het 'n paar gelyk begin praat. Jy weet ook nie wat op jou vurk is totdat *die kos* in jou mond is nie en selfs dan is jy nog nie heeltemal seker wat dit is nie! Die kos *smaak anders*. Omdat jy nie regtig kan sien *hoeveel* jy eet nie, weet jy nie eers mooi wanneer jy versadig is nie.

Dink 'n bietjie aan **hoe duur** ons vir kaartjies betaal om 'n fliek te kan sien of 'n modeparade by te woon of 'n wildtuin te besoek. En dink dan aan alles wat ons elke dag sien – heeltemal VERNIET, GRATIS…. Blomme, berge, see, die sterrehemel…

**Helen Keller** wat doof en blind was, het 'n artikel geskryf met die titel *Three days to see* oor watter dinge sy graag sou wou sien as sy net drie dae kon sien. **Dag een** sou sy net vriende wou sien. **Dag twee** sou sy die natuur wou sien. **Dag drie** sou sy in haar stad, New York, wou sit en die besige stad wou dophou.
Toe sluit sy af: *"I, who am blind, can give one hint to those who see: Use your eyes as if tomorrow you were stricken blind."*

Sien ons MEKAAR raak?

**Thorton Wilder** se toneelstuk, *Our Town,* het hierdie uitstaantoneel wat jou aangryp:

**Emily**, die hoofkarakter, het *gesterf* en word spesiale toestemming gegee om vir 'n kort tydjie *terug aarde toe* te gaan. Sy arriveer by die begraafplaas van Grover's Corner, New Jersey, waar die storie afspeel.
*Sy sal alles belewe soos voorheen, maar met die wete van haar naderende dood.*
Die dag wat sy kies om oor te lewe, is haar **12de verjaarsdag**. Haar ma is opgeneem in die voorbereidings vir die feesviering van Emily se verjaarsdag. Haar pa keer moeg van die werk af terug. Net Emily is bewus van die kosbare oomblikke wat oor is.
Sy pleit dan: *"Momma, just look at me once as though you really saw me."*
Maar haar ma gee nie aandag aan haar nie. *Emily kan die dag herleef, maar sy kan dit nie verander nie.*
Sy gaan na haar pa toe en probeer met hom praat, maar hy is besig om die koerant te lees en gee nie aandag aan haar nie!
Uiteindelik kan sy dit nie langer uithou nie en roep uit: "*I can't go on. It is going too fast. We don't have enough time to look at one another. I didn't realize what*

*was going on. I never noticed it. Oh earth, you are too wonderful for anyone to realize you."*
En dan draai sy na die verhoogbestuurder en vra: *"Do any human beings ever recognize life while they live it --every, every minute?"*
Die verhoogbestuurder antwoord: "*No. The saints and poets, maybe they do some."*

INSIG IS 'N NOG GROTER GESKENK
**'n Mens kan dus sien en nogtans NIE sien nie. Helen Keller** het iewers gesê: "*Om blind te wees, is erg, maar om te kan sien en nie te sien nie, is erger!*"
**Om Jesus te volg, laat jou sien... die lewe sien... anders sien.** Markus vertel hoedat die Here Jesus vir Bartimeus van sy blindheid genees het. Twee hoofstukke vantevore (8:22vv) lees ons van 'n ander blinde wat Hy in Betsaida genees het. Tussen die twee gebeure vertel Jesus vir sy dissipels van die tyd wat voorlê en dat Hy gaan sterf. Hy doen dit by drie geleenthede (8:31-33; 9:30-32; 10:32-34). Hulle begryp duidelik nie wat Hy aan hulle probeer sê nie. Hulle is "blind" vir dit wat Hy aan hulle wil openbaar.
Dit lyk asof Markus die twee verhale van blindes wat genees word, gebruik om die verhaal van die dissipels se blindheid te **omraam.** Die **dissipels het sig, maar nie insig nie.**
Daar was dus *baie meer blindes as die twee* in Hfst 8 en 10. Daar was 'n hele **klomp siende blindes**, geestelike blindes. Sulke mense se oë moet ook geopen word. **Wat help** dit ons kan al die skoonheid van die skepping raaksien, maar ons sien nie die Skepper daaragter raak nie? Wat help sig sonder insig?
**Net die Here Jesus kan ons die regte insig in die lewe gee**. Daarom kan ons seker sê Hy gee aan ons **dubbele visie**. Nie *dubbelvisie nie* – dit is iets slegs. Dan sien jy alles dubbeld, soos iemand wat dronk is. **Dubbele visie is** om nie net *oppervlakkig* na die lewe te kyk nie, maar om **dieper** te sien. Om mense byvoorbeeld nie bloot op hul baadjie te takseer nie. Om dieper as net na *woorde te luister*. Om ander nie sommer as gevolg van hul *dade te oordeel* nie, maar om te probeer verstaan waar hulle vandaan kom. Dis om nie sommer net *te lewe nie*, maar om te weet waaroor die lewe gaan.
**Van sig en insig is laasgenoemde die belangrikste.**
Daarom gee ons ons **Lofoffer en Dankoffers met blymoedigheid** omdat die Here ons *tot die insig gebring* het dat alles wat ons het, ons van Hom **ontvang het**. Dis *gawes* uit Sy hand. Dis eintlik Syne en ons is net *bestuurders* daarvan. Omdat Hy ons die insig gee dat dit *gelukkiger maak* om te gee as om te ontvang. Omdat Hy ons die insig gee dat Hy ons gawe*s* gee sodat ons mekaar daarmee *sal dien* en sy koninkryk daarmee sal bou. Omdat Hy ons tot die insig gebring het dat deur aan besittings *vas te klou* dit maklik jou **baas** kan word en Mammon is 'n baie wrede god. Omdat Hy ons tot die insig gebring het dat dit is *deur te gee* dat ons ontvang en dat ons Hom *kan vertrou* om te voorsien in alles wat Hy weet dat ons nodig het.

INSIG MAAK ONS VOLGELINGE VAN JESUS
Die eens blinde Bartimeus het **nadat hy sig ontvang het**, nie afgesit winkels toe, flieks toe, TV toe nie – ag, jammer, ek het vergeet daar was destyds nog nie sulke goed nie … Maar daar was baie ander plekke wat hy kon gaan opsoek en gaan bekyk. Hy kon hom byvoorbeeld iewers gaan probeer **spieël** het. Is dit nie die heel eerste ding wat jy en ek sou gedoen het nie?! **Wat doen hy?** Hy het *"op die pad agter Jesus aan gegaan."* (:52) Sy verhouding met Jesus was vir hom die **prioriteit**. Die ander goed kon eers wag. Dit getuig van **goeie insig**. Eintlik dink ek die Here het hom al insig gegee *nog voordat* hy sig ontvang het. Anders sou hy nie so dringend tot Jesus

geroep en Hom as Seun van Dawid, as Messias, aangespreek het nie. En hy het *aangehou* en hom nie deur die mense wat hom probeer stilmaak het, laat afsit nie. Hy het volgens sy insig **opgetree** en ondanks teenkanting daarin **volhard**.
Dis **wonderlik** om te kan *sien.* Dis nog wonderliker om die *insig* te hê om 'n **Jesus -volgeling** te word.
Ons kan die Here **nooit genoeg dankie sê** vir ons SIG en vir hierdie INSIG nie! Dat Hy ons deur sy Gees laat besef het dat ons verlore sondaars is wat onsself nie kan red nie; dat die Here Jesus vir ons sondes gesterf het en dat ons deur in Hom te glo vergiffenis van sonde en die ewige lewe kan ontvang; dat ons nou geroep is om sy volgelinge te wees.
Mag Hy ons ook **steeds <u>meer</u> insig** gee in wat dissipelskap/ volgelingskap van Jesus behels. Daarvoor kan ons **bid** en dit help ook baie om **tyd** met Hom en die Bybel deur te bring – op ons eie en saam met ander. 'n Dissipel is *'n leerling*, jou lewe lank. Niemand word sommer 'n volmaakte dissipel gebore nie.
Daarom is die erediens en die kategese vir **ons kinders** ook so belangrik. Dit is plekke waar hul insig kry, waar hulle geloof gevorm word. Bid saam met ons dat hulle bywoning van die eredienste (51%) en kategese (64%) sal verbeter.
Paulus se gebed vir die Kolossense is ook my gebed vir julle en myself: *"Ons vra God dat julle, deur al die wysheid en die INSIG wat die GEES gee, tot volle kennis kan kom van wat sy wil is."* (1:9)

Amen
25.10.2009
Lofoffersondag